Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

2026-06-26

Geagte ouer / voog

**NUUSBRIEF 16**

**ALGEMEEN**

**Dr. Gillian Arendse:** Dankie aan al die ouers en voogde wat ons oueraand met Dr. Arendse bygewoon het. Dit was 'n uitsonderlike geleentheid waartydens ouers waardevolle kennis, praktiese raad en bruikbare strategieë ontvang het om hul kinders beter te verstaan en te ondersteun. Dr. Arendse se inspirerende boodskap het ouers bemagtig om met groter selfvertroue die uitdagings van moderne ouerskap in ‘n snelveranderende wêreld aan te pak.

Aan diegene wat nie die geleentheid kon bywoon nie – u het beslis iets besonders gemis. Ons hoop om u by toekomstige ouergeleenthede te verwelkom. Dankie aan ons beheerliggaam wat hierdie geleentheid moontlik gemaak het.

**Leerdertoelatings 2027:** Laerskool Stulting is tans besig om leerdertoelatings vir 2027 te finaliseer. Ouers word vriendelik herinner om alle aansoekvorms teen 21 Julie 2026 by die skool in te handig. Daar is nog enkele plekke beskikbaar. Laat weet asb. u vriende en familie wat van hierdie geleentheid wil gebruik maak. Ouers word aangemoedig om aansoeke so spoedig moontlik in te dien om teleurstelling te voorkom.

**Skoolpligtige ouderdom:** Let asseblief daarop dat Graad R die verpligte skoolvoorbereidingsjaar is vir leerders wat 6 jaar oud word gedurende die jaar van toelating *(Uitsondering: 5 jr oud voor 30 Junie)*, terwyl leerders vir Graad 1 - 7 jaar oud moet word gedurende die jaar van toelating *(Uitsondering: 6 jr oud voor 30 Junie)*.

# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za


## AKADEMIE

**Top 5 Akademie:** Ons akademiese toppresteerders het weereens gewys hoe hard hul kan werk, om ten spyte van 'n baie besige buitemuurse program nogsteeds uitstekende akademiese prestasies te kan behaal. Hiermee ons Top 5 presteerders in elke graad – *alfabeties aangedui*.

| Gr. 1 | Gr. 2 | Gr. 3 | Gr. 4 |
|---|---|---|---|
| Atties, Zain | Jonker, Dané | Basson, Matthew | Botha, Miah |
| Felix, Riley | Joubert, Daniël | Heyns, Lia | Edwards, Nienke |
| Felix, Riley | Spencer, Anna | Heyns, Neil | Strydom, Elmia |
| Ferreira, Izak | Steenkamp, Robin | Knezovich, Libby | Vermaak, JC |
| Van Aswegen, Kara | Strydom, Beate | Manqungo, Trevor | Zietsman, Shan-Leigh |
| **Gr. 5** | **Gr. 6** | **Gr. 7** | |
| Bredell, Nina | Basson, Emma | Naude, Reuben | |
| Du Plessis, Christiaan | Beresfond, Emma | Saunders, Mieke | |
| Janse van Rensburg, Lienka | Kamalski, Mia | Spangenberg, Amé | |
| Morton, Elmie | Kleyn, Klara | Van der Walt, Simoné | |
| Swart, Pieter | Maritz, Franco | Vermaak, Lika | |

**Skole heropen:** Die skool heropen na-afloop van die skoolvakansie op Dinsdag 21 Julie 2026.

**Buitemuurse-rooster:** Aktiwiteite soos uiteengesit op die skool se buitemuurse-rooster begin weer op Maandag 27 Julie 2026.

**Ouer-onderwyservergadering:** Geleentheid om leerders se akademiese vordering te bespreek vind op Donderdag 23 Julie vanaf 17:30-19:00 in die skoolsaal plaas.

# Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za


## SPORT

**OP Rugby:** Yamnkele Nyendwana, Jaydon Abrahams neem vanaf 28 Junie tot 3 Julie in Bloemfontein, as deel van die OP rugbyspan, aan die o/13 Cravenweek deel. Ongelukkig moes Anru Germishuys (besering) onttrek. Sterkte met jul deelname seuns!

**Netbal: Oos-Kaap:** Ons is ongelooflik trots op vyf van ons netbalspelers wat die Oos-Kaap gaan verteenwoordig by die All Ages-toernooi wat van 28 Junie tot 2 Julie by EG Jansen in Boksburg plaasvind. Baie geluk aan Kayla Wait (o/12), Simoné van der Walt (o/13), Leah Breedt (o/13), Lika Vermaak (o/13) en Annika Williams (o/13) met hierdie besondere prestasie.

**Netbal Challenge:** Ons o/12 en o/13 netbaldogters het op 13 en 14 Junie in Oos-Londen deelgeneem aan die O-K Netbal Uitdaagtoernooi. Ons o/13-dogters het naelskraap in die finaal teen Sunridge verloor. As naaswenners neem hierdie span van 22 tot 25 Julie deel aan die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe in Middelburg (Mpumalanga). Sterkte dogters!

**Skaak: "Mayoral Cup" Finale uitslae:** o/11 – Grace Spencer (4de plek) en Shan-Leigh Zietsman (9de plek), o/14 - Divan Viviers (6de plek) en Caleb Bruton (4de plek). 'n Welverdiende podium posisie (2de) gaan aan Eli Fleurs. Baie geluk aan al ons deelnemers.

**Aloe Cup:** Ons o/11 rugbyspan asook die o/12 netbalspan neem vanaf 25-27 Junie deel aan die Aloe Cup in Jeffreysbaai. Verskeie Stulting skeidsregters neem ook tydens die toernooi deel. Sterkte aan die spelers en afrigters/skeidsregters.

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

**Afrigtingsnuus:** Ons is ook trots om die voortgesette professionele ontwikkeling van ons rugby-afrigtingspersoneel. Mnre. Yannis, Darius en Markus het die Wêreldrugby Vlak 1-afrigtingskursus suksesvol voltooi en hul afrigtingsakkreditasie ontvang. Mnr. Aubrey het sy praktiese afrigtingsassessering voltooi en het nou sy Wêreldrugby Vlak 2-afrigtingsakkreditasie verwerf. Daarbenewens het mnr. Arno en mnr. Aubrey verdere opleiding in Wêreldrugby se Krag- en Kondisioneringsoefening voltooi en is nou geakkrediteerde Wêreldrugby se Krag- en Kondisioneringsvlak 1-afrigters vir Kinders en Jeug. Baie geluk aan ons afrigters met hierdie prestasies.

**MMA Provinsiale Oefenspan:** Ons is ongelooflik trots op die volgende Stulting-leerders wat gekies is vir die Raptors MMA Provinsiale Oefengroep. Julle harde werk, deursettingsvermoë en toewyding word beloon!

Caleb Siebrits (Gr. 7), Luan du Preez (Gr. 7), Niel de Vos (Gr. 4), Dean Marais (Gr. 6), James Marais (Gr. 6), Leané du Preez (Gr. 3), Tristan Roelofse (Gr. 7), Ariëlle Lotter (Gr. 3), Leah de Vos (Gr. 1), Juan Wasserman (Gr. 5), Ruben Bouwer (Gr. 1), Tytian van Rooyen (Gr. 5) en Luke Seal (Gr. 2).

**40ste Sportdag-lootjievorm:** Ons sportdag en belangrike fondsinsamelingsprojek word vir die 40ste opeenvolgende jaar op 21 en 22 Augustus aangebied. Leerders ontvang saam met hulle rapporte 'n lootjielys wat die sportdag ondersteun en ons in staat stel om die dag se sukses te verseker. Dit is 'n geleentheid vir vriende en familie om ons gewilde en ikoniese sportdag te ondersteun. Elke bydra word opreg waardeer!

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 | ✉ 58 | hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 | HUMANSDORP | admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za | 6300 | accounts@stulting.co.za

## KULTUUR

**Redenaarsnuus:** Baie geluk aan die volgende leerders wat onder die top tien van die Oos-Kaap se Provinsiale finaal van die Radikale Redenaarskompetisie aangewys is: Beate Strydom (Gr. 2), JC Vermaak (Gr. 4), Elmia Strydom (Gr. 4), Elzé du Plessis (Gr. 5), Lize Landman (Gr. 6), Xaiden Lippert (Gr. 3), Lika Vermaak (Gr. 7), en Amé Spangenberg (Gr. 7).

Baie geluk aan die volgende leerders wat deur is na die Nasionale Finaal van die kompetisie: Xaiden Lippert (Gr. 3), JC Vermaak (Gr. 4), Amé Spangenberg (Gr. 7) en Lika Vermaak (Gr. 7). Die Nasionale Finaal vind op 17 Oktober in Boksburg, Gauteng plaas.

**ATKV:** Baie geluk aan die volgende leerders wat aan die semifinale (Provinsiale) ronde van die ATKV redenaarskompetisie deelgeneem het. Beate Strydom, Beth Geldenhuys, Xaiden Lippert, JC Vermaak, Christiaan du Plessis, Amé Spangenberg en Marcel Geldenhuys. Wat 'n pragtige prestasie. Stulting is baie trots op elkeen van julle!

Baie geluk aan Xaiden Lippert (Gr. 3) wat gekwalifiseer het vir deelname by die ATKV Nasionaal wat vanaf 3-4 Augustus by Klein Kariba plaasvind.

## GEMEENSKAPSDIENS

**Winterprojek – Ons Tuiste Ouetehuis:** Laerskool Stulting wil graag sy opregte waardering uitspreek teenoor elke ouer, voog en gesin wat 'n bydrae tot ons Winterprojek gemaak het. Danksy u ruim skenkings van sop, koffie, koekies, beskuit, sjokolade en ander benodigdhede kon ons 'n betekenisvolle verskil maak in die lewens van die inwoners van Ons Tuiste Ouetehuis. U bereidwilligheid om te gee, weerspieël die omgee-hart van ons skoolgemeenskap en wys ons leerders die waarde van medemenslikheid en diensbaarheid.

Laerskool **STULTING** Primary School

☎ (042) 295 1119 ✉ 58 hoof@stulting.co.za
(042) 295 2612 HUMANSDORP admin@stulting.co.za
www.stulting.co.za 6300 accounts@stulting.co.za

Elke item wat ontvang is, het gehelp om hierdie projek 'n groot sukses te maak en warmte te bring aan diegene wat dit die nodigste het gedurende die wintermaande.

Baie dankie dat u saam met Laerskool Stulting 'n verskil gemaak het. Ons is trots op die omgee-gees van ons skoolgemeenskap.

"Niemand kan alles doen nie, maar elkeen kan iets doen."

Die uwe

C.J. Coetzer
SKOOLHOOF